# Swak rand gee toerisme woema

Die swak rand laat die toerismebedryf floreer.

Op lang termyn gaan dit egter 'n uitdaging wees om die groeilopie vol te hou.

Die toerisme-besigheidsraad van Suid-Afrika (TBCSA) en First National Bank (FNB) se sake-indeks het in die vierde kwartaal van 2013 die verwagtinge oortref en tot 114,6 indekspunte geklim, teenoor die vooruitgeskatte 110,8 punte. Die indeks word kwartaalliks deur Grant Thornton opgestel en is gegrond op die toerisme-verblyfsektor en ander toerisme-ondernemings.

Wiza Nyondo, hoof van toerisme van FNB se sake-afdeling, sê die swakker rand kan op kort termyn 'n positiewe impak op buitelandse besoeke hê omdat dit Suid-Afrika 'n mededingende voordeel teenoor ander toerisme-bestemmings gee. "Op medium- tot lang termyn kan die newe-effekte van 'n swakker geldeenheid op die ekonomie, onder meer stygende brandstof- en voedselpryse, die vooruitgang demp."

Grant Thornton sê in 'n verslag die bedryf is in die vierde kwartaal deur verskeie negatiewe faktore geraak, onder meer hoër insetkoste weens brandstofprysstygings en groter arbeidskoste. Onder die positiewe faktore tel sterker bemarkingspogings.

Nyondo sê die bedryf kan nie net op die bewegings van die rand staatmaak vir volhoubare groei nie. Die bemarking van Suid-Afrika as 'n aantreklike bestemming sal toenemend 'n groot rol speel.

Ondanks winde van voor, is hy optimisties oor die bedryf se groeivooruitsigte.

**– Elma Kloppers**

Halfjaarresultate

# Group 5-syfers is stewig

## Ingenieurs- en konstruksie-afdeling groei; energieprojekte vorder ook

**Heléne Cilliers**

Johannesburg. – Met genoeg olie en gas in sy tenk het die konstruksie- en infrastruktuurgroep Group Five in die eerste helfte van sy 2014-boekjaar laat wiel.

Sy inkomste in die ses maande tot 31 Desember 2013 het met 55,7% tot R7,7 miljard opgeskiet, maar hy was nie so gelukkig met sy kernbedryfswinsgrens nie. Dié het van 22,6% tot 20,9% ingekrimp.

Sy ingenieurs- en konstruksie-afdeling groei vinnig en sy bestelboek gee hom vir minstens 18 maande werk.

Die groei in energiemarkte in Suid-Afrika en die res van Afrika het sy bestelboek vir olie- en gasprojekte en -dienste verbeter, en hy maak vordering met sy kontrak vir konstruksiewerk by Eskom se Koeberg-kernkragstasie.

Die ingenieurs- en konstruksie-afdeling het 20,2% van die groep se inkomste bygedra teenoor 8% 'n jaar tevore. In die halfjaar het sy inkomste met 289,4% tot R1,6 miljard verbeter, waarvan 98% uit plaaslike bedrywighede was.

Vervoerkonsessies en eiendomsontwikkeling se inkomste kom hoofsaaklik uit gelde vir die bedryf en instandhouding van tolpaaie en het met 27,5% tot R426,7 miljoen gestyg. Wat gebeur met die Gautengse tolstelsel, onopgeloste geskille oor die N1-N2-Wynlandkonsessie en werk van die presidensiële infrastruktuur-koördineringskomitee, sal groter duidelikheid gee oor die vooruitsigte vir die vervoerkonsessies.

Konsessie-geleenthede elders in Afrika bly aantreklik. 'n Tolpadprojek in Zimbabwe vorder goed, en nuwe vervoer- en kragprojekte word ontwikkel.

Die groep is in verskeie Afrikalande besig met die ontwikkeling van openbare-private-vennootskapskonsessies vir eiendom en vervoer en hy volg potensiële geleenthede op om deel te neem aan vroeë ontwikkelingstadiums vir snelwegprojekte in Oos-Europa.

Mike Upton, uitvoerende hoof van Group Five, het met die uitreiking van die halfjaarresultate gesê die konstruksiebedryf sal hard moet werk om die regering se vertroue terug te kry ná die samespanningskandaal in 2013, veral met die oog op werk wat kan spruit uit die Nasionale Ontwikkelingsplan.

Die Mededingingskommissie ondersoek nog vier projekte waarby Group Five betrokke was.

Upton sê die groep het nie sy voorsiening vir 'n moontlike boete aangepas nie en het ook nog geen terugvoer ontvang van die kommissie óf van die boubedryf se ontwikkelingsraad (CIDB), wat ook klaarblyklik besig is met 'n ondersoek, nie.

Group Five verskuif nou al sy afdelings na Waterfall Estate by Midrand.


ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT OF THE NEW MULTISAND REGIONAL WASTE DISPOSAL FACILITY, GAUTENG PROVINCE

GDARD REF NO: GUAT 002/13-14/E0280

DEA REF NO: 12/9/11/L1422/3

DATE OF ADVERTISEMENT: 18 FEBRUARY 2014

**Interwaste (Pty) Ltd** hereby gives notice that it is applying for authorisation from GDARD and DEA to establish a regional waste disposal facility near Rosslyn, Tshwane, in the Gauteng Province. This application, consisting of a waste management licence application and an Environmental Impact Assessment, is done in terms of the National Environmental Management Waste Act (Act No. 59 of 2008) and Chapter 54 of Government Notice Regulation GN R543 of the Environmental Impact Assessment (EIA) Regulations (2010). These regulations fall under the ambit of the National Environmental Management Act (No. 107 of 1998) as amended (NEMA).

**PROJECT TEAM**
**APPLICANT:** INTERWASTE (PTY) LTD
**INDEPENDENT ENVIRONMENTAL CONSULTANT:** AECOM SA (PTY) LTD
**ENVIRONMENTAL AUTHORITY:** GAUTENG DEPARTMENT AGRICULTURE AND RURAL DEVELOPMENT (GDARD)
**ENVIRONMENTAL AUTHORITY:** NATIONAL DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS (DEA)

**SITE LOCATION AND DESCRIPTION:**
The proposed regional waste disposal facility site is located on Farm Middelwater 593 JQ, Portion 33 of Vissershoek 435 JQ and Portion 125 of Wildebeesthoek 310 JR, De Wildt, within the City of Tshwane Local Municipality, Gauteng.

**AVAILABILITY OF THE DRAFT EIA REPORT FOR PUBLIC REVIEW**

The Draft Scoping Report (DSR) for the proposed Development of the new Multisand regional waste disposal facility near Rosslyn, Gauteng Province will be made available for public review, for a period of sixty (60) days, from **24 February 2014 to 30 April 2014.** Hard copies of the DSR will be available for public review at the following locations:

| Venue | Address | Telephone |
|---|---|---|
| Die Bek se Pad Stal | R513, 012 Vissershoek | 012 504 1694 |
| Tshwane Community Library | Sammy Marks Square, Cnr Church and Prinsloo Street, Pretoria Central | 012 358 8841 |

Electronic copies on CD will also be made available upon request.

**REGISTRATION OF INTERESTED AND AFFECTED PARTIES (I&AP):**
Should you wish to register as an I&AP, please submit your name, contact information, interest in the matter and any comments you may have to the contact person indicated below. This will ensure that you receive future correspondence regarding the EIA for the proposed regional waste disposal facility near Rosslyn, Gauteng.

Please direct enquiries or comments to
**Mamokete Maimane/Marti Le Roux** at AECOM:
**Tel:** (012) 421 3699/ (012) 421 3615
**Fax:** 086 299 2145
**Post:** P O Box 3173, Pretoria, 0001
**E-mail:** multisand@aecomemd.co.za

INTERWASTE environmental solutions

AECOM

8477



Mogale City Local Municipality

**OPENBARE KENNISGEWING VIR INSPEKSIE VAN WAARDERINGSLYS EN DIE INDIENING VAN BESWARE**

Hiermee word kragtens Artikel 78(1) van die Plaaslike Regerings Munisipaliteit Eiendomsbelasting, 2004 (Wet No. 6 van 2004), hierna verwys as die "Wet", kennis gegee dat die waarderingslys vir die finansiële jaar 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2018 oop is vir openbare inspeksie te Mogale City Plaaslike Munisipaliteit vanaf 21 Februarie 2014 tot 18 April 2013. Verder kan die waarderingslys en beswaar vorms verkry word op die webwerf **www.mogalecity.gov.za**

Kragtens Artikel 49(1)(a)(ii) saamgelees met Artikel 78(2) van die Wet word hiermee 'n uitnodiging gerig dat enige eienaar van grond of ander persoon wat 'n beswaar by die Stadsbestuurder wil indien ten opsigte van enige aangeleentheid wat in die waarderlingslys verskyn of daaruit weggelaat is, dit tydens die bogemelde tydperk moet doen. Dit word beklemtoon dat kragtens artikel 50(2) van die Wet 'n beswaar op 'n spesifieke afsonderlike eiendom betrekking moet hê en nie teen die waarderingslys as sodanig moet wees nie. Die vorm vir die indiening van 'n beswaar kan verkry word by die volgende adresse:

**Waardasie Afdeling**
**IEC Gebou**
**H/V Monument & Ockerse Straat**
**Krugersdorp**

Die voltooide vorms moet by die ondergenoemde adres ingedien word voor of op 18 April 2014, 16:00.

**Die Munisipale Bestuurder**
**Mogale City Plaaslike Munisipaliteit**
**Krugersdorp**
**Vir Aandag: Mnr. P Mabelane**
**Waardasie Afdeling**
**IEC Gebou**

Vir navrae skakel asseblief Me R Lagois, telefoonnommer 011 951-2302 / 2332 / 2317 / 2349 / 2329 of rig 'n e-pos aan die volgende adresse **rina.lagois@mogalecity.gov.za / peter.mabelane@mogalecity.gov.za**

**D MASHITISHO**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**Kennisgewing Nr. 4/2014**


# Camac Energy wil op JSE noteer

Die planne van 'n olie-eksplorasiemaatskappy van Houston, Texas, om op die JSE te noteer, het wenkbroue laat lig.

Camac Energy het bedryfsbelange in olie- en gaseksplorasiegebiede aan die kus van Nigerië, Gambië en in Kenia.

In 2013 was hy op die rand van bankrotskap en hy het beleggers gewaarsku dat sy kontantvloei nie sterk genoeg is om vir die volgende 12 maande bedrywighede te finansier en skuld te betaal nie.

Die Openbare Beleggingskorporasie (OBK), wat die beleggings van die staatspensioenfonds bestuur, blyk intussen deel te wees van Camac se poging om sy balansstaat te versterk.

Camac besit 'n 40%-belang in deelnemingsregte in die produserende Oyo-olieveld in Nigerië en wil die res koop. Die kontant-gedeelte van die transaksie wil hy finansier deur 30% van sy aandele vir $270 miljoen (sowat R2,9 miljard) by fondse onder die bestuur van die OBK te plaas.

Maar sy huidige markkapitalisasie op die New Yorkse beurs vir opkomende maatskappye is R2,7 miljard.

Volgens Camac sal hy ekstra kontant uit olieverkope kry wat hy kan gebruik om eksplorasie te finansier.

As Camac se transaksie slaag, kan sy aandeel van die olieproduksie uit dié veld van sowat 2 000 vate per dag tot meer as 14 000 vate teen die derde kwartaal klim.

Deur die notering op 24 Februarie op die JSE wil Camac nog sowat $50 miljoen (sowat R542 miljoen) insamel.

Maar hy waarsku in sy voornoteringsverklaring sy beperkte ervaring as operateur van die Oyo-olieveld kan sy resultate ernstig raak.

Hy sê ook hy kan nog vir 'n lang tyd verliese ly, want dit neem olieboorprojekte lank om hulpbronne te lewer en 'n wins te genereer.

Camac waarsku ook dat die rol van dr. Kase Lawal, sy uitvoerende voorsitter wat 27,7% van Camac International besit, tot persepsies van belangebotsing kan lei. Camac International besit Camac Holdings. Camac Nigerië en Allied Energy, by wie Camac die olieveldbelange koop, is albei volfiliale van Camac Holdings.

Die OBK het nie gister op navrae gereageer nie.

Camac Energy se transaksieadviseurs is Sasfin Capital en Edward Nathan Sonnenbergs Africa is sy Suid-Afrikaanse prokureurs.


KORTVORM-AANKONDIGING

# KAP INDUSTRIAL HOLDINGS LIMITED

**ONGEOUDITEERDE RESULTATE** vir die ses maande geëindig 30 Desember 2013

KAP INDUSTRY IN MOTION™

UITSTAANDE HOOGTEPUNTE

**WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL UIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE**
STYG MET **16.0%** TOT **16 sent**
*(1H13: 13.8 sent)*

**KONTANT GEGENEREER VOOR BEDRYFSKAPITAAL VAN**
**R1 070 miljoen**

**NETTO RENTEDRAENDE SKULD VERMINDER**
MET **R428 miljoen** *sedert 1H13*


FINANSIËLE OORSIG

| | 31 Des 2013 Ongeouditeer | 31 Des 2012 Ongeouditeer | % verandering | 30 Jun 2013 Geouditeer |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomste* (Rm)** | **7 832** | 7 208 | 9% | 14 320 |
| **Bedryfswins voor kapitaalitems* (Rm)** | **710** | 650 | 9% | 1 324 |
| **Kontantvloei gegenereer uit bedrywighede Rm)** | **1 070** | 989 | 8% | 2 021 |
| **Wesensverdienste (sent per aandeel)** | **16.1** | 14.4 | 12% | 29.1 |
| **Basiese verdienste (sent per aandeel)** | **15.1** | 15.8 | (4%) | 28.9 |
| **Wesensverdienste* (sent per aandeel)** | **16.0** | 13.8 | 16% | 28.5 |
| **Basiese verdienste* (sent per aandeel)** | **15.1** | 15.2 | 1% | 29.2 |
| **Dividend verklaar (sent per aandeel)** | **–** | – | – | 8 |
| **Netto batewaarde (sent per aandeel)** | **271** | 248 | 9% | 263 |
| **Segmentele inkomste (Rm)** | | | | |
| Logistiek | **3 916** | 3 535 | 11% | 7 042 |
| Geïntegreerde timmerhout | **1 231** | 1 177 | 5% | 2 392 |
| Vervaardiging | **2 799** | 2 558 | 9% | 5 036 |
| Intersegmentele inkomste-uitskakeling | **(114)** | (62) | – | (150) |
| **Totaal** | **7 832** | 7 208 | 9% | 14 320 |
| **Segmentele bedryfswins (Rm)** | | | | |
| Logistiek | **392** | 354 | 11% | 686 |
| Geïntegreerde timmerhout | **172** | 154 | 12% | 347 |
| Vervaardiging | **146** | 142 | 3% | 291 |
| **Totaal** | **710** | 650 | 9% | 1 324 |


* *uit voortgesette bedrywighede*

SEGMENTELE UITEENSETTING

**Inkomste* (Rm)**




**Bedryfswins voor kapitale uitgawes* (Rm)**




NOTA OMTRENT HIERDIE KORTVORM-AANKONDIGING

Hierdie kortvorm-aankondiging ("hierdie aankondiging") is die verantwoordelikheid van die direkteure. Let asseblief daarop dat hierdie aankondiging slegs 'n opsomming is van die inligting in die gedetailleerde aankondiging en dus nie volledige besonderhede bevat nie.

Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouers moet gebaseer word op die inligting in die volledige aankondiging.

Die gedetailleerde aankondiging is gepubliseer op SENS en op die groep se webtuiste op **http://www.kap.co.za,** en is ter insae by die geregistreerde kantoor van die maatskappy en die kantore van die borg, gratis aan beleggers en/of aandeelhouers beskikbaar, gedurende kantoorure (09:00 - 17:00) van Maandag tot Vrydag.

Afskrifte van die gedetailleerde aankondiging mag per e-pos by **info@kap.co.za** aangevra word of deur Jan Radnay by 011 445 3000 te skakel.

Op las van die Direksie
Steinhoff Africa Secretarial Services Eiendoms Bpk
17 Februarie 2014

*Die volledige aankondiging is beskikbaar op*
**www.kap.co.za**

## KAP IS 'N INDUSTRIËLE BESIGHEID WAT FOKUS OP GROEI IN ONTWIKKELENDE AFRIKA-LANDE.

Ons lewer dienste aan en vervaardig produkte vir 'n breë kliëntebasis deur vier hoof bedryfsafdelings. #

**'n Spesialis logistieke afdeling**
wat verskaffingsketting- en logistieke dienste ontwerp, implementeer en bestuur.

- Bedryfsvloot van meer as **3 000 voertuie**
- Meer as **400 000 m²** pakhuisruimte onder bestuur
- Meer as **220 miljoen km** word jaarliks gereis
- **160 depots**
- **9 500 werknemers** in **10 Afrika-lande**

UNITRANS Supply Chain Solutions



**'n Passassiers-vervoerafdeling**
wat personeel-, toeriste- en pendelvervoerdienste verskaf.

- **1,2 miljoen** tussenstedelike passassiers word jaarliks vervoer
- **10 miljoen** pendelpassasiers word jaarliks vervoer
- **1 207 voertuie** bestaande uit semi-luukse pendelbusse, treinbusse, luukse busse en minibusse
- Meer as **90 miljoen km** word jaarliks gereis
- **23 depots** en **15 passassiersterminale** dwarsdeur Suid-Afrika, Zimbabwe en Mosambiek
- **3 700 werknemers**


UNITRANS Passenger



**'n Geïntegreerde timmerhoutafdeling**
wat timmerhoutplantasies, saagmeulens, pale en paneel verwante produksiefasiliteite insluit.

- **91 000 ha** bosbougrond in KwaZulu-Natal, Noordoos-Kaap en Suid-Kaap
- **7 vervaardigingsfasiliteite**
- **635 000 m³** paneelprodukte word jaarliks geproduseer
- **24 000 000 m²** paneelprodukte word jaarliks opgegradeer
- **105 000 ton** hars word jaarliks geproduseer
- **2 100 000 bome** word jaarliks aangeplant in ooreensteming met volhoubare bosboupraktyke
- **1 900 werknemers**

PG BISON



**'n Industriële vervaardigings-afdeling**
wat 'n aantal belangrike industriële produkte vervaardig, soos poliëtileen-tereflaat- (PET) hars, voertuigkomponente, skoeisel, en meubels en beddegoed-verwante produkte.

- Hosaf produseer **130 000 ton** PET per jaar
- Feltex produseer en verskaf jaarliks kompenente vir voertuie wat in Suid-Afrika vervaardig word (ongeveer **530 000 eenhede**)
- Vitafoam produseer **14 800 ton** skuimrubber per jaar
- BCM produseer matrasvere vir **3 000 matrasse** per dag
- Meer as **30 bekende huishoudelike handelsmerke** voltooi die afdeling se produk-aanbieding
- **4 900 werknemers**

BCM DesleeMattex FELTEX GLODINA Hosaf Jordan & Co. Vitafoam



*# Vir doeleindes van finansiële verslagdoening is die Verskaffingskettingoplossings- en Passassierssegmente in een logistieke afdeling saamgevoeg*

**KAP INDUSTRIAL HOLDINGS LIMITED** ("KAP" of "die maatskappy" of "die groep")
**Nie-uitvoerende direkteure:** J de V du Toit (Voorsitter), M J Jooste, A B la Grange, J B Magwaza, I N Mkhari, S H Müller, S H Nomvete, P K Quarmby, D M van der Merwe, C J H van Niekerk **Uitvoerende direkteure:** K J Grové (HUB), J P Haveman (HFB) **Registrasienommer:** 1978/000181/06 **Aandelekode:** KAP **ISIN:** ZAE000171963 **Geregistreerder adres:** 6de Straat 28, Wynberg, Sandton, 2090
**Posadres:** Posbus 18, Stellenbosch, 7599 **Telefoon:** 021 808 0900 **Faks:** 021 808 0901 **Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 **Maatskappysekretaris:** Steinhoff Africa Secretarial Services Eiendoms Beperk **Ouditeure:** Deloitte & Touche **Borg:** PSG Capital Eiendoms Beperk

JCB.E